

19 Julie 2020

FAMILIE TUISBLAD



Romeine 8:12-25

ons storie

Begin hierdie week se gesprek met vrae aan elkeen in die huis.

Vra vir die persoon wat gewoonlik kosmaak, die rekeninge betaal, die troeteldiere versorg, wat gewoonlik skooltoe gaan.

Hoekom? Hoekom maak julle kos, was julle skottelgoed, betaal julle die rekeninge gaan julle skooltoe?

Gee kans dat elkeen antwoord. Julle kan nog vrae vra as julle wil.

GOD se storie

Die eerste 11 verse van Romeine 8 herinner ons daaraan dat God ons vryspreek oor dit wat Jesus gedoen het.

Dit is belangrik om dit te onthou wanneer ons verder lees aan vers 12-25.

God maak ons Sy kinders. Dit doen Hy reeds.

Ons het nou kans om te leef soos kinders van God.

Kinders van God leef so omdat hulle wil.
(nie om hulle die kind van God-wees kan verdien nie)

Omdat hulle **wil** nie omdat hulle **moet** nie.

ons nuwe storie

Ons dink aan God as ons Pa.

Die alternatief is dat ons God sien as 'n baas en ons is slawe.

Slawe werk sodat hulle, hulle baas se guns kan verdien. Slawe werk vir beloning en verwag straf.

Kinders weet hulle hoef nie te bewys dat hulle goed genoeg is nie, kinders verwag dat hulle vergewe sal word wanneer hulle verkeerd doen.

Die Heilige Gees help ook God se kinders hiermee.

Rituele en gewoontes

God se kinders weet dat daar in elke gesin moeilike tye kom.

Dit beteken nie dat God nie meer ons Pa is wat vir ons omgee en sorg nie.

Hy is ook in die swaarkry dae by ons.

Kyk of julle stories kan vertel van 'n keer toe jy bang was of toe iets baie sleg gebeur het en jy ervaar het dat God toe nogsteeds naby aan jou was en jou gehelp het.

